

# KAMPUS NEWS



## GERHARD ROUX

### Oor fliëks en klankbane


Casual Day focuses  
on disabilities

Departement maak  
kunstenaars dramawys

New “greenest”  
building on campus

Marina Joubert  
praat wetenskap

My Kampus: Marina Joubert oor wetenskap.....3  
 Boost for transformation and multilingualism at SU.....4  
 Matiestudente gedenk "Slag van Andringstraat".....5  
 US, WNNR stel navorsingsleerstoele bekend.....6  
 Maties wen goud en silwer in Londen.....7  
 Casual Day focuses on disabilities.....8  
 EBW stel sy Projek Zero bekend.....9  
 First braille book for USB.....10  
 IT Building now "greenest" on campus.....11  
 US maak Bonnievale-kunstenaars touwys.....12  
 Kampuslewe: Eet, lees en luister.....13  
 Wellness Day at Facilities Management.....14  
 In gesprek met Gerhard Roux.....15  
 Brokkies in Beeld.....16



Redakteur: Wayne Muller  
 Voorbladfoto: Stefan Els  
 Bladontwerp: SUN MeDIA  
 Drukwerk: SUN MeDIA  
 Advertensies: Conita Henry  
 tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za  
 Redaksionele bydraes aan: Die Redakteur,  
 Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,  
 faks: 021 808 3800,  
 e-pos: kampusnuus@sun.ac.za  
 of wmuller@sun.ac.za



UNIVERSITEIT  
 STELLENBOSCH  
 UNIVERSITY

**VAN DIE Redakteur**

Die Universiteit Stellenbosch funksioneer nie in 'n vakuum nie. Ons het verskillende gemeenskappe en belanghebbers vir wie ons dien. So, hoe die US van dag tot dag sy sake doen, beïnvloed 'n groot aantal mense – van personeellede en studente tot alumni en donateurs.

Dié maand vertel *Kampusnuus* jou stories oor ons impak op 'n verskeidenheid van belangegroepes. Die Universiteit is dikwels aan die voorpunt van ontwikkelings, en dit is hoe ons dit wil hou.

Casual Day, which is celebrated each year on the first Friday of September, puts the focus on people with disabilities. On page 8 we explore what the University has done and still can do to ensure that our environment accommodates people with disabilities.

Over the past few years, SU has made a concerted effort to create building spaces which do not impact negatively on the environment. Through the use of technology we have ensured that our buildings are "green". The IT Division has just moved into a new building, which is now considered the "greenest" building on campus. Read more about this environmentally-friendly space on page 11.

Die US Besigheidskool het onlangs hul eerste akademiese boek in braille bekendgestel. Dit maak 'n wêreld oop vir studente wat andersins nie toegang tot sulke boeke sou gehad het nie. Ons vertel meer hieroor op bladsy 10.

In dié uitgawe stel ons jou ook voor aan twee personeellede wat die US se naam bevorder deur hul werk. Op bladsy 3 vertel Marina Joubert meer oor wetenskapkommunikasie, 'n veld waarvoor sy onlangs bekroon is. Haar werk is om te sorg dat gewone koerantlesers verstaan watter belangrike navorsing aan die US gedoen word.

Ons voorbladpersoonlikheid, Gerhard Roux, staan aan die stuur van die Konservatorium se opname-ateljee, waar heelwat klankbane van wêreldklas-rolprente al opgeneem is. Sy storie op bladsy 15 is fassinerend.

Geniet hierdie uitgawe.

Wayne



# Kampvegter vir wetenskapkommunikasie

Marina Joubert van die US se Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (SENWET) is reeds vir meer as 20 jaar 'n kampvegter vir wetenskapkommunikasie en het onlangs 'n nasionale prys hiervoor ontvang. Deur ALEC BASSON

**Voordat ek by SENWET aangesluit het ...** het ek vir 27 jaar in Pretoria gewoon en gewerk – sowat 15 jaar by die Nasionale Navorsingstigting, waarna ek my eie kommunikasie-agentskap bedryf het. Hoewel Pretoria 'n vriendelike stad met 'n heerlike klimaat is, het ek as boorling van die Kaap en oud-Matie gereeld na die Kaapse berge en die see verlang. My werk by SENWET/CREST behels navorsing en die ontwikkeling van kortkursusse in wetenskapkommunikasie. Ek is juis besig met my doktorsgraad in wetenskapkommunikasie. Tussendeur help organiseer ek verskillende projekte en seminare, gee klas en doen nasienwerk.



**Ek geniet veral die intellektuele uitdagings ...** en kompeterende akademiese omgewing by die US. Dis 'n voorreg om tussen mense te werk wat leiers in hul onderskeie velde is, en wat bereid is om te luister en raad te gee. Die heel beste motivering en inspirasie vir my is studente of kursugangers se terugvoering oor hoe 'n spesifieke kursus of seminar hulle gehelp het om wetenskapkommunikasie te bevorder.



**In my vrye tyd ...** woon ek alles by wat ek kan – van kunsfilms by PULP Cinema en Kleinsêr in die Endler tot openbare praatjies by STIAS en Kunsuitstallings by die US Kunsmuseum. Ek probeer ook gereeld by die see uitkom om op te maak vir al die jare in Pretoria wat ek so ver van die kus was. Ek behoort aan 'n wonderlike leesgroep (Stellenbosch-leeskuiers) wat een Saterdag per maand by een van die pragtige wynplase of deli's in die omgewing ontmoet om die boeke wat ons die afgelope maand gelees het te bespreek.

**As daar een iets is ...** wat my na aan die hart lê, dan is dit dierewelsyn. Ek wil mense aanmoedig om die goeie werk van Stellenbosch se dierewelsynsorganisasie, veral rondom die sterilisering van troeteldiere, te ondersteun. Ek wens ook ons kan leer hoe om goeie (wetenskap)-kommunikasie in te span om die aanvraag na renosterhoring te verminder.



Foto's: STEFAN ELS

**Dis stimulerend om deel te wees ...** van 'n uitgebreide globale navorsingsgemeenskap in wetenskapkommunikasie en te sien hoe die dissipline in Suid-Afrika en die res van die kontinent groei. Wetenskapkommunikasie is 'n dinamiese en uitdagende veld en wêreldwyd besef navorsingsbefonders en -bestuurders dat verantwoordelike en effektiewe kommunikasie met diverse openbare belangegroepes toenemend 'n integrale deel van navorsing moet wees. Dit is belangrik om die samelewing 'n mate van seggenskap oor navorsing te gee en om dialoog tussen navorsers en "gewone mense" te vestig.

## KAMPUS klets

To invest in the transformation of SU's staff corps is indeed a great initiative (see page 4). Would it not be wonderful if the University, with the same decisiveness, invested into bringing its current academic staff up to the level of remuneration that is the norm at other leading universities in the country? Perhaps a result of this might be that we would attract more diverse applicants to the campus. – Anthony Leysens

Giving multilingualism and transformation a boost at SU is indeed a relief and a step in the right direction (see page 4). In this way our transformation efforts must be prioritised campus-wide. My sincere hope is that disability is included up there with race, language and

Briewe aan Kampusnuus is welkom. Stuur 'n kort brief na [kampusnuus@sun.ac.za](mailto:kampusnuus@sun.ac.za), faks 021 808 3800 of lewer af by Admin B. 'n Skuilnaam mag gebruik word, mits jou naam en e-pos/fisiese adres (nie vir publikasie nie) verskaf word. Kampusnuus behou hom die reg voor om briewe te verkort en te redigeer. Lewer kommentaar op die US Facebook-blad by [www.facebook.com/stellenboschuniversity](http://www.facebook.com/stellenboschuniversity), of volg ons op Twitter (@stellenboschuni).

gender in our efforts during the process of transforming in our institution at all levels. – Marcia Lyner-Cleophas

Prof Nico Koopman has been an excellent Dean of Faculty. He has been at hand to interact with students, in spite of his very busy work schedule. His short conversations in the corridors are always inspiring. May God continue to use him as he takes up this new role as Vice-Rector at our wonderful university. – Rev Tom J. Obengo

**f** Let us hope that the University shows some moral strength that does not bow down to political agendas, to keep to its own rules and set a precedent. We should be able to express our views, but it must be in an intelligible manner and with dignity. – Kevin Li



**GROOMS QUALIFY:** Simba Sande and Kelvin Mandizadza recently qualified with the Equestrian Qualifications Authority of Southern Africa's (EQASA) Module One and Two. Maties Equestrian Club now employs extremely well-qualified grooms – and the humans and horses above Coetzenburg are all benefiting! The Club extends its gratitude to Alvira Albertus and the Human Resources Training and Development Centre of Stellenbosch University for supporting this educational endeavour. *Photo: ANIELA SAAIMAN*

## SU invests in transformation of staff corps

Stellenbosch University will invest close to R70 million in the diversification of its staff corps over the next three years. This amount has been allocated from the University's Strategic Fund, and will be in addition to the normal staff budget.

"We are focussing on transformation with a sense of urgency. We are intent on making our institution more inclusive and accessible. By setting funds aside specifically for a more diverse staff corps, we will be able to attract and develop the required human resources," SU Rector Prof Wim de Villiers said.

One of the University's mission statements is to create an academic community characterised by social justice and equal opportunities. This stems from SU's commitment to redress and development, as well as the view that a diversity of people and ideas promote academic excellence.

SU has made good progress towards greater diversity in the composition of its staff corps, but as with other universities senior academic appointments remain a challenge. Due to the serious country-wide shortage of human resources from the designated groups, as well as the attractive remuneration packages offered by the private sector and the state, South African universities generally struggle with staff diversity.

In 2014, permanent black, coloured and Indian (BCI) employees at SU made up 43.2% of the University's staff corps compared to 37.6% in 2008. So, the trend is upwards, but SU will have

to accelerate its pace to reach its goal of 53% by 2020.

This urgency is also applicable to gender. SU's number of permanent female employees improved from 51.9% in 2008 to 55.9% in 2014, but the goal is 60% by 2020. Equal representation of women on the executive management and senior academic levels has not been achieved yet.

The University's top management has therefore decided to allocate a substantial amount to achieve greater staff diversity. The available funds will be used in the following ways:

- On the one hand, senior professionals from the designated groups – especially academics, but also professional support staff – will be recruited and appointed.
- On the other hand, current SU staff from the designated groups will be afforded development opportunities to become upwardly mobile, e.g. from lecturer to senior lecturer to professor.

As part of its succession planning, SU focuses on accelerated knowledge transfer to young academics with its mentorship projects. The University is also participating in the Department of Higher Education and Training's Programme for a new Generation of Academics (nGAP). Some of the strategic funds will support these initiatives.

As an investment in the future, SU is

making a significant contribution to the transformation of higher education by delivering a large number of graduates at senior postgraduate level each year. In 2014 SU conferred a total of 234 Doctoral and 1 297 Master's degrees, of which 95 and 492 respectively went to BCI graduates.

This achievement contributes to SU maintaining the highest research output per full-time academic staff member in South Africa, and at the same time it increases the pool of black academics and professionals in the country and on the rest of the continent.

SU takes a broad view of transformation: that it affects all elements of university life, including learning and teaching, research and innovation, social impact and co-curricular activities, the renewal of the institutional culture, as well as the composition and transformation expertise of its staff and student corps.

The fact that transformation has pertinently been included in the portfolio of Prof Nico Koopman, Vice-Rector: Community Interaction and Personnel, illustrates that SU is taking transformation very seriously. An Office for Transformation is being established to facilitate, coordinate and stimulate transformation processes at the University.

A Transformation Committee has also been instituted. And SU is strengthening the statutory role of its Institutional Forum in relation to transformation. The University also plans to establish a Research Chair in Reconciliation and Transformation.

## Matiestudente gedenk 'Slag van Andringastraat'

Daar is waardering vir die apologie van die studente, maar dit is nie hulle verantwoordelikheid nie. Die mense wat uit die stelsel voordeel getrek het, moet na vore kom.

Dit was die boodskap van raadslid Derrick Hendricks wat in sy hoedanigheid as 'n gemeenskapsleier van Stellenbosch 'n groep van sowat 150 personeel, studente en Stellenbossers toegesprek het by 'n spesiale vieringsgeleentheid van die Slag van Andringastraat op 27 Julie 1940.

Die geleentheid, gehou by die Christ Church in Banhoekweg, is 'n inisiatief van studente-leiers van onder meer die koshuise Dagbreek en Wilgenhof. Dit was ook 'n geleentheid om te reflekteer oor die rol wat die gebeure gespeel het in die verhouding tussen die Universiteit en die gemeenskap.

Tydens die Slag van Andringastraat het studente 'n area destyds bekend as Die Vlakte, ingevaar en grootskaalse skade aangerig aan die eiendom van hoofsaaklik bruin inwoners van dié



Hier is Sasha-Leigh Williams (Studenteraad), Earl Coleman (Dagbreek), Raadslid Derrick Hendricks, Prof Wim de Villiers, en Christoff Odendaal (Wilgenhof). *Foto: ANTON JORDAAN*

gebied tussen Muller- en Ryneveldstrate, Banhoek- en Smutsstrate, en Merrimanlaan en Birdstraat.

Hendricks het gesê die US en die gemeenskap moet jongmense help, maar eintlik dat al die inwoners van die dorp na vore moet kom om erkenning te gee aan die mense van die Vlakte en gevra vir "regstellende geregtigheid".

In sy boodskap het prof Wim de Villiers, US-rektor, gesê die Slag van Andringastraat verteenwoordig 'n

"laagtepunt in die verhouding tussen die gemeenskap en die studente van die Universiteit, maar hoe ons op daardie dag was, is nie hoe ons nou óf in die toekoms wil wees nie".

Ander sprekers was Christoff Odendaal (Wilgenhof Koshuis), Earl Coleman (Dagbreek) en Sasha-Leigh Williams (Studenteraad). Prof Albert Grundlingh, Voorsitter van die Departement Geskiedenis aan die US, het 'n oorsig oor die gebeure gegee.

## FVZS trains Namibian students

She studies microbiology, but doing community work has always been one of her passions. And this is why Bernelee Skrywer (19) from the University of Namibia wanted to be a participant in the short course African Leadership Development.

This course, which focuses on developing young African leaders for a better continent, is the latest offering of SU's Frederik Van Zyl Slabbert Institute for Leadership Development. The Namibian group consisting of five students, who are also members of the student club Malta's, were the first to attend this course (16 to 21 July).

"This course meant a lot to me because it helped to hone my leadership

skills. One needs to be a good leader in order to be an efficient worker in the community," explains Skrywer.

Commerce student Benita Strauss says it was interesting to learn more about Africa and its development on a number of levels. "I enjoyed the combination of gaining information about Africa and sharpening our leadership skills."

Muziwandile Nungu, a student in business administration and originally from Zimbabwe, said: "This continent suffers because there are few good leaders. Every individual has a duty to set a good example."

The involvement of the Malta's students is part of the FVZS Institute's



Some of the students at the FVZS Institute's training sessions in Namibia.

vision to expand its short courses in Africa as well as globally.

"We are busy developing African Leadership Development as an online, mixed-model learning course," says Folkers Williams, programme coordinator of the FVZS Institute.

Among other things, participants will do projects online and watch prescribed videos, supported by direct streaming contact sessions

## Algemene Taalwetenskap dra by tot dowe onderwys

Geskiedenis is gemaak toe die Departement Algemene Taalwetenskap in die wintervakansie 'n vyf dag lange kortkursus oor Grondbeginsels van die Taalwetenskap aangebied het vir 32 opvoeders en amptenare van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement.

Dié onderwysers is gemoeid met dowe-ondererrig, en die kortkursus

is die voorloper van 'n kursus oor Gebaretaal-linguistiek wat vir die duur van die September-skoolvakansie deur oorsese kundiges aangebied sal word. Hierdie kursusse is die eerstes aan die US wat ten volle in Suid-Afrikaanse Gebaretaal getolk word en dus toeganklik is vir dowe opvoeders.

Van die kursusgangers het ook 'n derde kursus oor Gebaretaal-literatuur

op 13 en 14 Augustus bygewoon wat deur gasdosent prof Claudine Strobeck van Wits aangebied is.

Deur dié kursusse wil Algemene Taalwetenskap 'n bydrae maak om 'n volgende geslag gehoorgestremdes se skoolopleiding te verbeter sodat hulle 'n beter kans staan om matriek te behaal, matrikulasievrystelling te kry en dalk eendag Maties te word.

## US, WNNR stel twee navorsingsleerstoele bekend

Die Universiteit Stellenbosch en die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) het op 20 Julie twee navorsingsleerstoele – een in Kwantum-, Optiese- en Atomiese Fisika, en een in Kunsmatige Intelligensie – by Lanzerac Hotel in Stellenbosch bekendgestel.

Die geleentheid was deel van 'n US/WNNR-navorsingseminaar oor spesifieke temas waar daar 'n gedeelde kundigheid bestaan.

Die leerstoel in Kwantum-, Optiese- en Atomiese Fisika sal in die Fakulteit Natuurwetenskappe gesetel wees, terwyl die Kunsmatige Intelligensie-leerstoel in die Departement Inligtingswetenskap in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe gehuisves sal word.

Dr Hermann Uys, 'n fisikus by die WNNR en die US, en prof Arina Britz, die WNNR/Sentrum vir Kunsmatige Intelligensie Navorsing se verteenwoordiger by die US, sal die onderskeie leerstoele beklee.

“Die bekendstelling van die leerstoele is ongelooflik,” het dr Rachel Chikwamba, WNNR Groepbestuurder: Strategiese Alliansie en Kommunikasie, gesê. Sy het die US vir die vennootskap bedank

en gesê die WNNR sal nie sonder universiteite se ondersteuning alledaagse probleme kan oplos en nuwe kennis kan ontsluit nie.

Prof Eugene Cloete, Viserektor: Navorsing en Innovasie aan die US, het die bekendstelling as 'n viering van die verhouding tussen die US en die WNNR beskryf.

Die leerstoel in Kwantum-, Optiese- en Atomiese Fisika sal navorsers in staat stel om kwantumverskynsels te bestudeer deur op die gebruik van vasgevangde atomiese ione te fokus, en ook om laboratoriumtegnologie in die navorsingsveld vir kommersiële doeleindes te ontwikkel.

Die leerstoel in Kunsmatige Intelligensie sal die Departement Inligtingswetenskap se navorsingskapasiteit verdubbel en help om beurse aan voor- en nagraadse studente te bied. Meer navorsing oor kunsmatige intelligensie sal ook in kursusse ingebou kan word.

Die US is een van die vennootinstansies van die Sentrum vir Kunsmatige Intelligensie Navorsing, 'n nasionale netwerk vir samewerking oor navorsing wat in 2011 as 'n gesamentlike



Agter van links is prof Erich Rohwer, Uitvoerende Hoof van die Departement Fisika; dr Hermann Uys, US en WNNR fisikus; prof Johan Hattingh, Dekaan van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe; en prof Bruce Watson van die Departement Inligtingswetenskap. Voor is US-viserektor prof Eugene Cloete; WNNR Groepbestuurder dr Rachel Chikwamba; en prof Louise Warnich, Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskap. Foto: JUSTIN ALBERTS

inisiatief van die WNNR en die Universiteit van KwaZulu-Natal begin is.

Daarby het die US ook 'n memorandum van verstandhouding met die WNNR in plek.

## Staff Successes



**Dr Oonsie Biggs**, a research associate at the Centre for Complex Systems in Transition at SU and research theme

leader at the Stockholm Resilience Centre, was honoured recently by the National Research Foundation (NRF). Biggs received a P-rating from the NRF for her outstanding research on social-ecological regime shifts and their impact on ecosystem services. She is one of three SU scientists to have achieved this feat. P-rated researchers have demonstrated the potential of

becoming future international leaders in their field based on exceptional research performance and output early in their careers.



**Prof Delia Haynes**, an inorganic chemist at SU, is the recipient of the third Jan Boeyens Prize, awarded by the South

African Crystallographic Society. The award is made to a young South African researcher who has made a distinguished contribution to the use of crystallography and other structural methods in a holistic manner to investigate fundamental

problems in nature. The award, and a cash prize of R10 000, was handed over at the INDABA8 conference in August.



**Magda Barnard**, Blended Learning Coordinator at the SU Faculty of Economic and Management Sciences,

was recently awarded the prize for the best Master's student in the Faculty of Education at the University of the Free State. Barnard, who received her Master's degree in Higher Education Studies on 2 July, graduated with an average mark of 77%.

## Staff volunteers on Mandela Week

Stellenbosch University once again had a successful Mandela Week with staff and students participating in large numbers.

“We are happy that staff and students did their part as responsible corporate citizens,” said Gareth Cornelissen, Deputy Director: Matie Community Service (MCS).

SU's Mandela week came to a close on Friday, 24 July, with a Readathon and

sport programme at Rietbosch Primary School in Cloeteville. SU's Language Centre, under the guidance of MCS and in partnership with Vriende van Afrikaans, did the Readathon as their contribution to Mandela Day.

The staff and students volunteered their time to read to the 147 Grade 1 learners. The books were supplied by Vriende van Afrikaans. Residents from Dagbreek, Eendrag and Lydia played soccer against the learners on the new sand pitch that was built at the school.

Earlier during the week staff and students from the Stellenbosch and Tygerberg campuses made a total of 10 860 sandwiches in the Toaties-for-Tummies project.

“With the help of our partners – Rachel's Angels, LDP, Stellenbosch Municipality, Golden Key Student Society and MFM – we were able to exceed our target with almost 1 000. We are excited that the project was successfully rolled out to the Tygerberg campus,” Cornelissen says.

## Rector congratulates World Student Games participants

On Monday 3 August, Prof Wim de Villiers, SU Rector, met with and congratulated the Matie athletes, coach and physiotherapist who had travelled to South Korea to participate in the World Student Games in July.

SU was represented by Mohamed Ally (coach: Maties Athletics), Justine Palframan (400m track), Caitlin Kat (swimmer), Shaun de Jager (4x400m relay), Samantha Pretorius (4x100m relay), and Tanya Green (physiotherapist: Campus Health Services).

Ally, who served as team manager, told De Villiers that the athletes were excellent ambassadors for the



From left to right are Mohamed Ally (coach: Maties Athletics), Justine Palframan (gold-medal winner, 400m), Caitlin Kat (swimmer), Prof Wim de Villiers (SU Rector), Shaun de Jager (4x400m relay), Samantha Pretorius (4x100m relay), Ilhaam Groenewald (Senior Director: Maties Sport) and Tanya Green (physiotherapist: Campus Health Services). Photo: ANTON JORDAAN

University and flew the flag high.

Palframan became the first female athlete ever from South Africa to win gold in the 400m event at a World

Student Games competition, while Shaun de Jager played an anchor role for Team SA in the 4x400m men's relay. They qualified for the final.

## Maties wen goud en silwer in Londen

Dit was goud en silwer vir Maties Parasport se Charl du Toit en Fanie van der Merwe in die T37 100m-item by die finale been van die Internasionale Paralimpiese Komitee se Grand Prix-reeks wat einde Julie in Londen aangebied is.

Du Toit het die wedloop in 11.69s gewen en Van der Merwe was tweede in 11.77s.

Volgens hul afrigter, dr Suzanne Ferreira, is die top ses atlete op die ranglys vir sekere items en klassifikasies genooi om aan die geleentheid deel te neem. “Die atlete kwalifiseer deur aan IPC Grand Prix-geleenthede deel te neem. Fanie is eerste op die ranglys vir hierdie item, en Charl derde.”

Sels voor die wedloop het sy voorspel dit gaan 'n naelbyt-stryd wees.

Van die wêreld se beste atlete het

van 24 tot 26 Julie aan die Sainsbury Herdenkingspele deelgeneem (herdenking van die 2012 Olimpiese Spele). Op Sondag 26 Julie het die kollig op die ikone van die Paralimpiese Spele geval toe die finale been van die IPC Grand Prix-reeks in die Olimpiese stadion aangebied is as deel van Nasionale Paralimpiese Dag.

Beide Van der Merwe en Du Toit het in 2012 aan die Paralimpiese Spele in Londen deelgeneem en het dit geniet om weer in die stadion te hardloop.

Van der Merwe, wat destyds sowel die teleurstelling van nederlaag en die vreugde van oorwinning ervaar het, het gesê hy is net weer herinner aan hoe God werk.

Du Toit het nie sulke goeie herinneringe van die 2012 Spele nie, maar het gesê dit was 'n voorreg om weer in die stadion te kon deelneem.

Dié wedloop is deel van die voorbereiding vir die hoofdoelwit van die jaar – die 2015 IPC Wêreldkampioenskapsbyeenkoms wat in Oktober in Doha aangebied word.



Fanie van der Merwe en Charl du Toit

## Matieswemmer wen twee medaljes

Die Maties Parasport-swemmer en LLB-student Hendri Herbst het twee van Suid-Afrika se drie medaljes gewen by die Internasionale Paralimpiese Komitee se swemwêreldkampioenskappe wat in Glasgow gehou is.

Herbst het 'n bronsmedalje in sowel die 100m- as 50m-vragslagitem in die kategorie S11 (blind) gewen. Die Suid-Afrikaner Kevin Paul het goud in die SB9 borsslagitem gewen.

Luidens 'n persverklaring op SASKOK se webwerf, was Herbst verheug toe hy Vrydag sy tweede medalje wen. Hy het 'n Paralimpiese kwalifiseringstyd van 27.04 aangeteken.

“Ek is só gelukkig oor my verbeterde prestasie, aangesien ek vyfde was in Londen 'n paar jaar gelede (in die 50m-item). My voorbereiding vir Rio vorder goed,” het hy gesê.

Sy afrigter, dr Karin Hugo, het gesê die standaard van die kompetisie was van 'n baie hoë gehalte en sy is tevrede dat Herbst suksesvol op daardie vlak kan meeding.

“Hendri oefen baie hard: ongeveer nege tot tien swemsessies per week van tussen 90 en 150 minute elk, asook kragwerk drie keer per week. Dit is wonderlik om te weet dat al die tyd en harde werk wat hy insit, wel die moeite werd is.”

# Facing disability

Each year Casual Day raises funds and, probably more importantly, awareness of the issues people with disabilities face. DR GUBELA MJI, Head of the Centre for Rehabilitation Studies (CRS) at SU's Faculty of Medicine and Health Sciences, shares her thoughts on the subject.

Over the past three decades SU has been on a positive learning curve on how to integrate and respond to the needs of students with disabilities. In 2000, the Senate made a decision to have the Registrar's Office, in consultation with the Centre for Student Counselling and Development, facilitate the development of support to students with special needs, by looking more closely at how students could have better access to the teaching and learning environment.

Some needed enlarged fonts for texts and exams, while others needed extra writing time and those who were deaf needed specific classrooms to support their hearing impairments. Measures were also put in place to ensure that students with mobility impairments could access university buildings. Planning of new buildings included an accessibility tag to ensure that the University gradually wean itself from buildings that are inaccessible for people with mobility impairments.

SU's newly re-named Disability Unit has broadened its support base to include support to all students with special learning needs as is reasonably possible.

The innovative response of SU to the needs of disabled and other vulnerable groups of students is an on-going endeavour. As we envisage more students with a diversity of needs coming to SU, we aspire to making our teaching and learning environment universally accessible in the broadest sense. This means that when we design spaces, we think of ramps, lifts and better sound equipment.

Having lectures accessible in Word text format and in podcasts, and having subtitles to our visual and auditory material, are all ways of ensuring our teaching is accessible to a diversity of students. Consideration of assessment techniques and practices is necessary when catering for a diverse group of students who might read and work slowly; others will need bigger print or braille, while there is a group who might also not have Afrikaans or English as their first language.

While SU is not that perfectly accessible at the moment, we remain conscious, vigilant and forward-thinking of possibilities out there and how we can support our ever-growing diverse student population. As we continue with our quest to ensure that the diverse student body is supported and settled within SU, we also acknowledge that as an institution of higher learning we need to respond to the broader transformation issues that continue to blight the



Paving stones with a unique surface helps this student to navigate her way around the Stellenbosch University campus. Photo: STEFAN ELS

South African landscape and the African continent.

Though the University is making commendable efforts to ensure that students with disabilities can be able to gain access to faculty programmes, there is a broader transformation agenda that SU is required to tackle with regard to disability issues.

This transformation agenda is related to, firstly, the role of institutions of higher learning in promoting empowerment, participation and social transformation of persons with disabilities (PWDs); educational programmes as foundations for social transformation for equalization of opportunities for PWDs; and appropriate research evidence as tools to

expedite the development of pathways and programmes for an inclusive society. For SU to be a responsive institution to the needs of persons with disability at societal level, a closer look at the education programmes at institutional level will need to happen.

Inclusion of disability issues in the curriculum across disciplines in higher education will need to be an imperative exercise that SU will need to engage with. The training of future professionals, policy-makers and researchers in disability issues so that they can include disability at all levels of the society once they qualify is a critical exercise that SU is required to engage with. Along with this is the employment of academic staff with disabilities.

The support given to these staff members might assist other staff members with less obvious impairments who struggle to come out and reveal their impairments to do so. It is in this regard that also the self-esteem of students with disability can be boosted, while other students can also learn that PWDs can participate in all levels of society.

At a broader disability context the University will have to engage on programmes that foster empowerment and participation of PWDs and other vulnerable groups.

Disability should become part of mainstream discourse in teaching and learning whereby this disability awareness is initially promoted in orientation programmes to first-year students and new staff. An on-going revision of existing policy documents that guides the disability response to integration of students with disabilities with various University departments should happen.

Casual Day 2015 offers SU an amazing space for reflection and recommitment to its quest for an inclusive University and society that is responsive to disability.

There are four aspects that the University should discuss at the highest levels of the institution and come with clear guidelines and plans on how these will be addressed and implemented in the next five years:

1. The need for compulsory disability/diversity modules for every student, taking into consideration programmes and lessons that include issues of disability.
2. Entry requirements should not exclude disabled students from certain faculties. Along with this, the affording of bursaries from governments and other agencies to assist the Universities to make provision for disabled students will be an important institutional imperative.
3. As already highlighted, there are units at SU that have committed themselves to the advancement of disability issues at curricula, staff and student levels. Giving support at both staff and student levels of these units will demonstrate the commitment of the University to its intention regarding disability issues.
4. SU should declare the next five years as a space in which it will focus on taking forward the debate and taking action towards the acceleration of its intention to make the University disability friendly and advance the progress that have already been made.

Raising awareness and responding to disability and vulnerability issues should become part of the social fabric of the University at all levels by promoting a culture of ethical conduct, respect and embracing diversity.

- Casual Day is an initiative of the National Council for Persons with Physical Disabilities in South Africa (NCPDPSA) that does fundraising for people with disabilities.

## EBW stel innoverende beurs bekend

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) het 'n inisiatief bekendgestel wat die studie- en verblyf-koste van talentvolle voorgraadse studente uit voorheenbenadeelde gemeenskappe tot nul verminder wanneer hulle aan dié fakulteit studeer.

Die aankondiging val saam met die fakulteit se 90ste bestaansviering vanjaar. "Een van ons grootste uitdagings is om die fakulteit meer toeganklik te maak vir studente en personeel uit alle gemeenskappe," het prof Stan du Plessis, Dekaan van EBW, gesê.

"Projek Zero is 'n teenvoeter vir die oorweldigende finansiële uitdagings wat studente uit voorheenbenadeelde gemeenskappe in die gesig staar. Met dié projek wil ons hierdie studente help deur die werklike koste om in ons fakulteit te studeer en op Stellenbosch te woon, tot nul te verminder.

"As gesinne eers eenmaal toegang tot universiteitsopleiding ontvang het, verander hul opsies en betree hulle 'n gans ander en dramaties beter toekoms."

Hy het bygevoeg daar is reeds 40 beursaanbiedinge aan 'n groep talentvolle kandidate gemaak. "Elke Projek Zero-beurs is 'n spesiale toekenning wat op akademiese meriete berus. Die waarde daarvan is sowat R90 000 per jaar vir drie jaar."

Volgens Janicke Dill van die Sentrum vir Studentewerwing is beursaanbiedinge nie aan 'n spesifieke program in die fakulteit gekoppel nie. Dit sluit verder inwoning in 'n studentekoshuis in. Die beurse sal met die US se werwings- en prestasiebeurse gekombineer word om studente se onderrig, verblyf- en lewenskoste te dek.

Ander strategieë om die fakulteit meer toeganklik te maak, sluit programvernuwing en 'n breër taalaanbod in, aldus Du Plessis.

"Binnekort sal alle voorgraadse modules in beide Afrikaans en Engels beskikbaar wees, hetsy deur middel van parallelle lesings of intydse tolking. Boonop word sewe nuwe programme, waaronder 'n vier jaar lange BCom-graad in Internasionale Besigheid, vanaf 2016 aangebied."

Prof Wim de Villiers, US-rektor, het die inisiatief verwelkom. "Projek Zero sluit aan by ons strategiese prioriteit om die Universiteit toegankliker te maak, en verdien daarom ondersteuning."

Die kombinasie van nuwe programme en taalaanbod het die fakulteit in staat gestel om sy nuwelings eerstejaarsinname van 1 100 in 2010 tot 'n geprojekteerde inname van 1 450 in 2016 op te stoot. Met 4 614 voorgraadse en 3 221 nagraadse studente is die fakulteit verreweg die grootste by US.

# Tasbare leierskap

Carinna Krantz, 'n student van die US Bestuurskool, se inisiatief om 'n boek oor leierskap vir gesiggestremdes toeganklik te maak, word wyd erken. Deur AMBER KRIEL

Terwyl Carinna Krantz met gesiggestremde sakeleiers gewerk het vir die praktiese komponent van haar MPhil-studies in Bestuursafrigting by die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB), het sy 'n behoefte geïdentifiseer: dié groepering vind dit moeilik om toegang tot boeke oor bestuur en leierskap te kry.

Dit het daartoe gelei dat sy prof Marius Ungerer, professor in Strategiese Bestuur by die bestuurskool en medeskrywer van *Leadership for All*, genader het om toestemming te kry om die boek in braille te vertaal. Haar droom is onlangs verwesenlik toe die braille-vertaling van die boek, 'n eerste van sy soort, met groot belangstelling bekendgestel is.

eNuus het die geleentheid gedek, die Kyknet-program "Winslyn" het onderhoude met Krantz en Ungerer gevoer, en talle gedrukte en aanlynpublikasies het ook oor dié inisiatief berig. Die dagblad *The Witness* in KwaZulu-Natal het die storie met die opskrif "Empowering the blind of SA" gepubliseer.

Ungerer het die belangrikheid daarvan beklemtoon dat hierdie soort leesstof aan 'n wyer gehoor beskikbaar gestel moet word. "Die belangrike deel van die boek is sy inklusiewe paradigma: 'leierskap vir almal', sê ons is almal leiers en dit is binne ons bereik om leiers te wees. Ons moet egter 'n bewuste keuse maak om 'n leier te wees. Deur die vertaling in braille bereik die boek 'n uitgebreide mark

wat ek en my medeskrywers nooit gedink het toe ons met hierdie reis begin het nie."

Intussen het Krantz by KnowRes Publishers die regte bekoms om die klankweergawe van die boek op 'n aanlyn-biblioteek beskikbaar te stel. Dit kom ná 'n versoek van die Royal Institute for the Blind in die Verenigde Koninkryk en die Canadian Institute for the Blind dat die klankweergawe internasionaal beskikbaar gestel moet word. Dit bly egter die eiendom van die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes in Grahamstad.

Die biblioteek het ook verskeie versoeke ontvang om die klankweergawe op 'n uitleenbasis beskikbaar te stel. Krantz vertel die internasionale hoofkantoor van die Daisy Consortium in Switserland, wat vir die klankweergawe verantwoordelik is, is baie beïndruk met haar inisiatief. "Hulle het onderneem om in hul wêreldwye nuusbrieffinligting oor *Leadership for All* te publiseer vir die bewusmaking onder BVIPs (blind and visually impaired persons)."

Voorts word beide die braille-vertaling en klankweergawe sedert die vrystelling daarvan deur haar studie-deelnemers gebruik as 'n bestuursafrigtinginstrument vir persoonlike studie en professionele ontwikkeling. "Hierdie studie-deelnemers is almal professionele bestuursleiers in diverse dissiplines," sê sy.

Dr William Rowland, ere-president van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes gasspreker by die bekendstelling,

het tydens die geleentheid gesê: "Ek het al baie akademiese boeke in braille gelees, maar nog nooit 'n boek oor besigheid nie. Met dié dat dit die tyd is van motivering en selfverbetering, is dit reg en van toepassing dat hierdie spesifieke boek oor leierskap meer toeganklik gemaak is."

Krantz sluit af deur te bevestig dat al haar navorsing daarop dui dat daar nie braille-boeke beskikbaar is in die dissipline van besigheids- en bestuurswetenskappe nie. "Maar 'n mens kan ook nie die boek net in die bestuurswetenskappe gaan neersit nie," beklemtoon sy, "want waar daar mense is, is daar leiers."

Dit is immers wat sy duidelik met hierdie inisiatief bewys.



Carinna Krantz, prof Marius Ungerer en dr Willam Rowland by die bekendstelling van die braille-vertaling van *Leadership for All*. Foto: HEINDRICH WYNGAARD

# A new home for IT

SU's Information Technology Division's new building in Hammandshand Road is now the greenest on campus.

This month, the Information Technology (IT) division will enter a new era. Not only will they be moving to a new building, but this new home for IT will also be the first truly "green" building on campus.

A wide range of sustainability characteristics have been incorporated in the new building's design in accordance with the Green Building Council of South Africa's Green Star Office rating tool categories.

**Energy efficiency and renewable energy:** Solar photovoltaic energy generation on the roof; optimal northern orientation and window sizing; shading elements; vertical garden on the northern aspect to minimise heating and cooling; usage of river water for cooling; low energy lighting and smart lighting.

The University's Centre for Renewable and Sustainable Energy Studies (CRSES) modelled the 14kWp solar photovoltaic (PV) system for the building and calculated that, given the expected increase in electricity tariffs over the system's 20-year lifetime, the solar PV system will pay back within seven to eight years through energy savings alone. In other words, it will pay for itself almost three-fold over its lifetime.

The solar PV system is expected to generate 23 000kWh of electrical energy annually and, being an office building, its energy demand, which peaks during the day, is well-matched to the solar PV system's peak energy generation during the sunshine hours. Additionally, the system will help the building ride through load-shedding.

The vertical garden forms a green "scaffolding" which clads the northern aspect of the building. A mixture of specially-selected deciduous and evergreen plants creates a green mosaic that allows more sunlight in during the winter, but provides shade and natural cooling during summer. In effect, the building dynamically responds to the seasons. The building's energy model predicts that the vertical garden will reduce energy demand, through reducing the heat gain through external windows, by up to 36%.

Even if one ignores the contribution of the solar panels, the energy-efficient design should ensure that the building uses 54% less energy than a notional SANS 204 building of the same size and layout.



The new "green" IT building.

Photo: STEFAN ELS

**Indoor environment quality (IEQ):** Natural lighting; ventilation; minimisation of noise.

**Transport:** Bicycle store and facilities for cyclists; optimal parking spaces.

**Innovation:** Vertical garden; use of river and rainwater for air-conditioning plant cooling.

The building should not be seen as merely a space hosting a department, but also an integral part of the IT Division's work system – the people, processes they execute, and the spaces and facilities of the building all form an integrated whole.

The building can contribute to the goal of creating a new working culture, establishing new work methods and, above all, encouraging collaboration and communication.

The nature of knowledge work in the Information Age, in which the IT Division engages, is increasingly team-oriented, social, requiring intensive communication, interactions, knowledge sharing, continuous learning and consultation. The ability to collaborate, breaking out of silo-thinking, effective networking and flexibility become valued capabilities.

The new building features large open-plan working areas with abundant natural lighting and tracts of glass – much like the campus facilities of admired technology companies such as Google and Apple. Quality, utility and flexibility of furnishings and fittings are also vital as teamwork requires flexible furnishings that can be altered easily and quickly to accommodate new work areas.

Also, the work environment must be healthy, encourage creativity and collaboration and must be a place where people want to work and spend time. A working environment that is welcoming, open and does not reinforce hierarchies and promotes flexibility and communication will contribute to the transition to a next-generation IT Division.

# Dramadepartement maak Bonnievale kunstenaars touwys



Jemina Kleinbooi en Sheline Bothma voor die HB Thom-teater. Foto: ANTON JORDAAN

**D**raaiboekskrywer Sheline Bothma (22) en regisseur Jemina Kleinbooi (25), albei van Bonnievale, het onlangs die eerste kunstenaars geword om aan 'n kort opleidingskursus vir gemeenskapsteaterpraktisyns by die US se Departement Drama deel te neem.

Die twee het die kursus gratis bygewoon nadat hulle dit as 'n prys gewen het by die onlangse Eden/Kaapse Wynlande-gemeenskapsteaterfees in die kategorie vir "uitsonderlike jongmense in toegepaste teater".

Die fees is deur die Departement van Kultuursake en Sport van die Wes-Kaapse regering aangebied.

Tydens Bothma en Kleinbooi se tiendag-verblyf in Stellenbosch, vanaf 5 tot 14 Junie, is hulle aan verskillende genres van teater blootgestel, soos klassieke klugspel, fisiese teater en poppespel, en kon hulle met die regisseurs gesels wat in hierdie verskillende genres werk oor die manier waarop hulle hul regie benader.

"Ons het gevoel ons wil alles wat ons hier geleer is, laat insink, en dan teruggaan en dit in ons eie dramagroep toepas, want nie almal kry die geleentheid om universiteit toe te kom en hier te studeer nie," sê Bothma, wat

saam met Kleinbooi vir die Valleys and Mountains Development Foundation in Bonnievale werk.

Bedags het hulle werkswinkels bygewoon oor die akteursopleidingbenadering wat deur die Amerikaanse teaterpraktisyn Sanford Meisner ontwikkel is, asook seminare oor stemproduksie, en saans het hulle opvoerings en repetisies bygewoon en kon hulle by ervare regisseurs leer, onder wie Marthinus Basson. Hulle het ook saam met genooide teatermakers van ander gemeenskaps-groepe gewerk, en het nuwe tegnieke in toegepaste teater geleer.

Bothma is 'n gekwalifiseerde voltydse vroeëkindere-ontwikkelingspraktisyn en het 'n passie vir die skryf van draaiboeke en die uitvoerende kunste. Sy het in 2011 by die stigting aangesluit en was aanvanklik verantwoordelik vir die dansprogram. Sedert 2013 is sy egter betrokke by die stigting se jeugafdeling, die Vangnet-projek.

Jemina, wat drama by Northlink College studeer het, het in 2013 by die stigting aangesluit om haar vaardighede vrywillig te bied om die Vangnet-dramagroep te ontwikkel. Sy is later as die groep se regisseur aangestel. – LYNNE RIPPENAAR-MOSES

## • Etenstyd

Blue Orange in Dorpstraat het helaas sy deure gesluit, en die kettingrestaurant Hudsons The Burger Joint het onlangs sy deure weer daar oopgemaak.

Dié franchise, wat in 2009 begin is, is al bekend in Kaapstad en daar is takke in Tuine, Groenpunt, Claremont, asook in Parkhurst, Johannesburg. Hudsons se reputasie is dat hulle van die lekkerste hamburgers verkoop.

Dit is veral die verskeidenheid van burgers met 'n magdom bykomstighede – van allerlei kase tot souse – wat hulle so gewild maak.

Stellenbosch se tak blyk gewild te wees, want 'n mens sukkel maar om 'n tafel daar te kry – seker tot almal genoeg gehad het van dié nuwigheid.

Hoewel hul kos heel lekker is, is die diens in hierdie tak uiters swak. Die kelners val nogal rond en sommige bestanddele was ook nie beskikbaar nie.

'n Lekker burger maak nie juis op vir swak diens en bestuur nie.



## • Read

Sporting his scrubs, a rucksack and a bright smile, Wandile Ganya looks every bit the part of the final-year medical student he is. But in February he published his first book, *Divine Interspace*, a compilation of original poems that he composed between 2012 and now.

"I have been writing poetry for a long time and have always been interested in literature, particularly classical literature," says Ganya, whose favourite authors include classical poets such as Dante, Ovid and Robert Browning.

This month, you can enjoy some beautiful poetry by one of SU's medical students who recently published his first collection of poems. Music lovers can experience a concert of works for brass instruments. And pop in for a hamburger at the new Hudsons Burger Joint

## • Luister

'n Konsert vol interessante musiek – waarvan sommige deur jong komposisistudente van die US Konservatorium geskryf is – word op 19 September in die Endlersaal gehou.

Die Universiteit Stellenbosch Simfoniese Blaasensemble (USSBE) sal dié musiekstukke, asook werke van die Suid-Afrikaanse komponis Jeanne Zaidel-Rudolph en twee Vlaamse komponiste speel.

Die eerste deel van die konsert bestaan uit vyf musiekstukke wat deur jong komposisistudente geskep is. Die titels is *Praying Mantis II*, *Step into the Light*, *We all came from Blue*, *The Journey of Legends* en *News*.

In die tweede helfte speel die USSBE Zaidel-Rudolph se Sefirot-simfonie, wat geskryf is vir houtblasers, koperblasers en perkussie. Daarby kan musiek van die eietydse Vlaamse komponiste Jan van der Roost en Piet Swerts gehoor word.

Die USSBE sal deur die Belgiese

dirigent Rik Ghesquière gelei word. Hy het in 1980 sy musiekopleiding aan die Lemmens-instituut van Leuven in België begin en kwalifikasies in trompet en kamermusiek verwerf.

In latere jare is Ghesquière se belangstelling in dirigeerkuns geprikkel. Hy het toe in 1997 verder

studeer aan die Brusselse Konservatorium onder Norbert Nozy. Hy het al in verskeie orkeste gespeel en word gereeld as gasdirigent genooi.

Die USSBE is reeds in 1976 deur dr Paul Loeb van Zuilenburg gestig. Sedert 2004 is die US se koperblasdosent Pamela Kierman die ensemble se dirigent.

Die lede van die USSBE kom vanuit verskillende agtergronde. Beide voorgraadse en gegradueerde



studente van die US (musiekstudente én studente wat ander graad-programme volg), lede van die plaaslike gemeenskap en van verskeie kerke waar instrumentale musiek prominent tydens die erediensfigureer, is almal lede van die orkes.

Die konsert is op Saterdag 19 September om 20:00 in die Endlersaal. Kaartjies is by Computicket of die deur beskikbaar. Vir meer inligting skakel 021 808 2358.



In his third year of study Ganya decided to write *Divine Interspace* to regain some of the literary creativity he felt he had neglected since starting his MB,ChB.

He describes his own poetry as "metaphysical, philosophical and transcendental". Through the description of visions he explores the theme of purpose, and mankind's search for it. "Almost every poem makes the reader look up to the heavens for answers... to look for purpose beyond the mundane labours of our daily living," he explains. "I want to inspire the reader to search for the purpose, a cause for his existence."

This contemplative theme is

rooted in his love for philosophy. "I'm particularly interested in specific fields of philosophy: first there's moral philosophy, which explores issues like 'what is good?' and 'what is right and wrong?' Another one

is African philosophy, which deals with concepts and ideas such as life, death, health and morality from a uniquely African perspective. And lastly, also the philosophy of logic, which in my opinion is the very fabric of philosophy," he explains.

Ganya's love of poetry, philosophy and science developed at the local library. "I'll never forget the day my older sister introduced Wanele (his twin brother who is also studying medicine) and I to the library. We were in primary school. We walked in and just saw piles and piles of books and very serious looking people reading books. It opened up a whole new world for us," says Ganya.

# Taking wellness to heart

By organising their own wellness day, SU's Facilities Management is creating a healthier and happier environment for its employees. It was a day of spinning, massages and yoga.

The wellness of staff members has become part of the DNA of Stellenbosch University. Besides regular events by Human Resources' Wellness Division, staff members have also been motivated to take responsibility for wellness within their own departments or divisions.

This is precisely what SU's Facilities Management has done by organising their own wellness day. On Wednesday, 5 August, staff members of this division not only completed their annual Discovery Health screenings, but they could also partake in a range of activities, including spinning, Pilates and zumba classes, as well as massages – all presented by SU's gymnasium.

"One of the key imperatives of HR is to establish Facilities Management as the support division of choice within the University. In order to do so we need employees who are in a good state of wellbeing," says Sello Molapo, HR Manager at Facilities Management.

"The division regards employee wellness – work, family and life balance – as a key focus area for 2015, and for this reason we held a wellness day," he adds.

Molapo says when the University's HR Wellness Division decided to decentralise the annual health screening to the environments, Facilities Management saw this as an opportunity to contribute to the wellness of their employees.


"We recognise the fact that we always expect our staff to perform at their best and sometimes we ignore the serious effect this has on our employees' health and wellbeing. We believe that this wellness initiative would improve the overall productivity, health and morale of staff and reduce stress levels, leading to more diligent and productive employees," says Molapo.

SU has been presenting the annual Discovery Health screenings at wellness days since 2009. According to Maureen Kennedy, SU's Manager: Employee Wellness, they have always encouraged departments and divisions to take responsibility for this themselves with the support of HR.

"Facilities Management is now the first division to organise their own wellness day; they have become forerunners. We are proud of them for taking ownership of wellness within the division. This should become part of SU's institutional culture," says Kennedy.



A yoga class was part of Facilities Management's wellness day.



Some staff members went for a relaxing massage to de-stress.



Sello Molapo cycling during a spinning class. Photos: STEFAN ELS

# Musiek vir Hollywood

Die US Konservatorium se opname-ateljee maak al hoe meer naam as dié plek om rolprente se klankbane op te neem. Gerhard Roux, musiektegnologiese dosent en hoofklanktegnikus, vertel aan Kampusnuus wat agter die skerms gebeur.

Wanneer jy na die onlangs uitgereikte flik *Hollywood in my Huis* gaan kyk, luister gerus so 'n bietjie fyner na die klankbaan. Want die musiek vir dié Afrikaanse romantiese komedie is hier, by die Universiteit Stellenbosch se ateljee in die Konservatorium, geskep en opgeneem.

"'n Mens assosieer nie gewoonlik popmusiek met die musiekdepartement nie, maar dit was 'n lekker uitdaging om 'n popmusieklankbaan vir 'n flik te doen," vertel Gerhard Roux, wat aan die hoof van hierdie ateljee staan en ook dosent is in musiektegnologie by die Konservatorium.

Dié ateljee is die kommersiële opname-fasiliteit van die US se Musiekdepartement wat spesialiseer in die produksie van musiek vir rolprente, advertensies, asook kommersiële klassieke en populêre albums.

Die musiek vir *Hollywood in my Huis* is gekomponeer deur Ben Ludik, 'n Magisterstudent in musiektegnologie wat ook musiek vir die SA fliks *Wonderwerker* en *Skoonheid* geskryf het. Maar *Hollywood in my Huis* was 'n familie-affêre, want Ludik se ma en pa het ook twee liedjies vir dié prent gekomponeer.

"Dié projek is uniek omdat daar in soortgelyke Afrikaanse fliks gewoonlik net bestaande popliedjies gebruik word, maar hierdie klankbaan is spesiaal gekomponeer vir die rolprent. En sover ons weet, is dit ook die eerste Afrikaanse popmusieklankbaan wat in 5.1-omringklank geproduseer is," vertel Roux.

Die ateljee word al hoe gewilder – ook internasionaal – as 'n plek waar nie net rolprentmusiek opgeneem kan word nie, maar ook ander albums. So byvoorbeeld is verskeie opnames deur die US se pianiste-egpaar proff Nina Schumann en Luis Magalhães hier gemaak, asook ander internasionaal gerekende klassieke musici wat albums onder die TwoPianists-etiket uitgegee het. Van Karen Zoid en die Amerikaanse Grammy-wenners Switchfoot se rock, tot die a cappella van die US Koor en Ladysmith Black Mambazo is hier opgeneem.

Die US se ateljee kan in werklikheid kers vashou by beroemde ateljees soos die Abbey Road-ateljee in Londen waar van die wêreld se beste kunstenaars al musiek opgeneem het, waaronder die Beatles. Abbey Road spog op hul webblad dat hulle die grootste ateljee-vloerspasie in die wêreld het. "Maar as ons die spasies neem wat op die oomblik tot ons beskikking is (dit sluit onder meer die Endler- en Fismersaal in), is ons 'n bietjie groter as die wêreld se grootste kommersiële ateljees. En ons is beter," skerts Roux.

Soos nou met *Hollywood in my Huis*, het rolprent-klankbane die afgelope tyd gesorg dat die ateljee groei in gewildheid. Die perkussie-gedeelte van die 2012-animasieflik *Zambezia*, gekomponeer deur Bruce Retief, is in die US ateljee opgeneem. En toe die



Gerhard Roux in die US se opname-ateljee in die Konservatorium. Foto: STEFAN ELS

vervaardigers hul volgende flik, *Kumba*, aanpak, het Roux hulle oorreed om die ganse klankbaan hier in Stellenbosch op te neem.

"*Kumba* is 'n beter produk. Die studente wat die musiek speel besef die gewig van die saak. Hulle gee werklik hul bes. Ons weet ons werk met ouens wat minder ervaar is, so ons weet ons moet ook ons sosio-tegniese stelsels beter ontwerp," sê Roux, wat voorgaands teologie studeer het.

*Kumba* se musiek bereik ook meer mense as dié wat in konsertsale sit. "As almal wat *Kumba* gesien het in die Endlersaal sit, sal dit elke aand vol wees vir 311 jaar. Dis dié soort druk wat 'n mens werklik laat konsentreer," meen Roux.

Dit is duidelik dat dié ateljee onder sy leiding en entoesiasme van krag tot krag gaan.





Vroue in die wynbedryf het by die 2015 Vrouedag-geleentheid wat deur die US se Afdeling Ontwikkeling en Alumni-betrekkinge gehou is, hul ervarings gedeel van vrou-wees in wingerdbou, en ook wat dit verg om baanbrekers in 'n bedryf te wees waar mans koning kraai. Die sprekers by die geleentheid, met die tema Die vrou van die wynstok, was Norma Ratcliffe, wat bekend is as die eerste dame van Warwick-wynlandgoed; Rose Jordaan van Bartinney; US-alumnus en wynmaker Nomonde Kubheka; en die sakevrou Wendy Applebaum van die De Morgenzon-wynlandgoed. Hier is (agter, van links na regs) Prof Marek du Toit, dr Corina du Toit, Jordaan, en voor, Kubheka, Ratcliffe en Applebaum.  
Foto: ANINA FOURIE



Prof Pierre Erasmus (middel) van die Departement Ondernemingsbestuur in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) het op Donderdag 13 Augustus sy intrede, getiteld Investor short-termism and managerial myopia: Irrational behaviour or human nature?, gelewer. Hier is hy saam met prof Leopold van Huyssteen, Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies, en Stan du Plessis, Dekaan van EBW.



Prof Gerard Tromp (second from left), of the Division of Molecular Biology and Human Genetics in the Department of Biomedical Sciences at the Faculty of Medicine and Health Sciences (FMHS), delivered his inaugural lecture, Interpreting the deluge of massive biological data sets: Bioinformatics as a discipline to move from data to knowledge, on Monday, 17 August. Here Tromp is with Profs Jimmy Volmink, Dean of the FMHS, Wim de Villiers, SU Rector, and Paul van Helden, Executive Head of the Department of Biomedical Sciences.

## ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS

### TE KOOP / FOR SALE

**Toga te koop:** Swart toga (nuut R2 500), graadband, fluweel "cap" met oranje tossel (grootte 59) @ R1 000. Soos nuut. Skakel 021 887 1770.

### TE HUUR / TO LET

**Woonstel:** Ruim 2 slpk woonstel op grondvloer met stoepie in Krigeville by skole met veilige parking, R7 600 per maand. Bel 076 120 6863 of 021 887 2312.

**Kamer te huur:** Sonnige gemeubileerde en-suite kamer met aparte ingang beskikbaar. R2 800 per maand, w+e ingesluit en aparte kombuis wat met een ander huurder gedeel word. Skakel 076 120 6863 of 021 887 2312..

### SAAMRY / LIFTS

**Noordelike voorstede (Vrededekloof of Stellenberg-omgewing) – Stellenbosch:** Saamryklub soek een persoon om saam te ry vanaf bogenoemde areas na Stellenbosch-kampus. Werksure 08:00 – 16:30. Eie vervoer noodsaaklik. Kontak mhanekom@sun.ac.za of 021 808 2601.

**Gordonsbaai – Stellenbosch:** Dame soek geleentheid vanaf Gordonsbaai tot Stellenbosch en terug vanaf Maandag tot Vrydag. Kantoorure 8:00 – 16:30. Kontak Miranda by 021 808 9522 of 082 925 5897.

**Noordelike voorstede (Kraaifontein – Stellenbosch):** Saamryklub soek een persoon met eie vervoer om saam te ry vanaf Kraaifontein (Bonnie Brae-omgewing) na Stellenbosch-kampus. Werksure 08:00 – 16:30. Kontak mer@sun.ac.za of 021 808 4879.


AN APPROVED FINANCIAL SERVICES PROVIDER FSP NO 6516

Laat jou geld groei met 'n betroubare en professionele vennoot wat kan verseker dat jou **persoonlike finansiële planne en beleggings** voldoen aan die toekomstige behoeftes van jou gesin, jou drome en jou professionele aspirasies.

Werk saam met **ons ervare finansiële adviseurs** om jou langtermyn- finansiële drome te bewaarheid.

Kontak **Carinus Strydom** nou en begin beplan om jou toekomstige finansiële sekuriteit te verseker.

t +27 21 887 3360 • info@carinusstrydom.com • www.carinusstrydom.com



Set on a Jacaranda-lined street in Stellenbosch's most elegant part of town 5 Seasons is the oasis of peace and tranquility. Only 3 minutes drive from the centre with its restaurants, cafes and bars, but also museums, galleries, the University and the STIAS conference centre.

Tel: 021 886 6159  
Email: info@5-seasons.co.za  
Website: www.5-seasons.co.za  
60 van der Stel Street, Stellenbosch



ACCOMMODATION | CONFERRING | PRIVATE FUNCTIONS  
★★★★

Sincerely Yours

PETER AND BENITA CYSTER  
M: +27 (0)82 850 9007

GPS: S 33° 54' 178", E 18° 57' 136"  
E: info@lumleysplace.co.za  
www.lumleysplace.com